

16

ONS GEE OM VIR MEKAAR

Gelowiges bid vir Petrus in die tronk

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet verstaan dat ons vir mekaar omgee en mekaar help omdat God vir ons omgee.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat God van ons verwag om mekaar lief te hê.

Gesindheid

Ons moet –

- dankbaar wees dat God ons liefhet en vir ons omgee; en
- bereid wees om vir mekaar op te offer.

Vaardigheid

Die kinders moet gedurende die week gaan werk aan 'n barmhartigheidsprojek. (Sien Opdrag 2 by IETS OM TE DOEN.)

MEER INLIGTING (Handelinge 12: 6-19)

Die Jode het nie geglo wat die apostels oor Jesus gepreek het nie. Koning Herodes (nie dieselfde een wat koning was toe Jesus gebore is nie) wou die Jode se guns wen. Daarom het hy beveel dat hulle tronk toe moes gaan of selfs doodgemaak moet word. So het Herodes dan vir Jakobus en Petrus, wat leiers in die vroeë kerk was, in die tronk gegooi. Terwyl Petrus in die tronk was, is hy baie goed opgepas. Herodes wou sekermaak dat Petrus nie ontsnap nie. Hy wou van Petrus 'n voorbeeld maak deur te wys wat hy doen met mense wat in Jesus glo. Petrus moes dood. Intussen het die gemeentelede aanhoudend vir Petrus gebid.

Skielik was daar 'n engel van die Here wat Petrus se boeie kom losmaak het en hom uit die tronk bevry het. Die Here het nie van Petrus vergeet nie. As dit nie gebeur het nie, sou Herodes beslis vir Petrus doodgemaak het.

Die eerste ding wat Petrus gedoen het toe hy uit die tronk was, was om vir die ander Christene te gaan vertel wat met hom gebeur het.

Daarna het die Christene vir Petrus gehelp om te vlug en uit die stad weg te kom. Koning Herodes se soldate kon hom nooit weer gevang kry nie. Ons leer vandag 'n baie belangrike les. Ons sien wat die eerste ding is wat Petrus doen nadat hy uit die tronk bevry is. Hy gaan na ander gelowiges toe. Ons kan ook sê dat hy na kerkmense toe gegaan het. Dit was vir hom 'n veilige plek, want kerkmense moet vir mekaar omgee. By hulle sal hy veilig wees, omdat God se kinders vir mekaar behoort om te gee.

God verwag dat ons ook vir mekaar sal omgee. Omdat Hy vir ons lief is en goed vir ons sorg, moet ons ook vir mekaar sorg en omgee. Wanneer ons hartseer is, bang is, bekommerd is of nood het, moet ons weet dat ons na ons medegelowiges toe kan gaan en daar veilig behoort te voel. Ons mag met ander woorde kerk toe gaan en weet dat ons daar veilig behoort te wees tussen ons medegelowiges. God se kinders is lief vir mekaar en help mekaar. God se kinders gee vir mekaar om!

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Maak seker dat die kinders wat aan die rollespel gaan deelneem, wel opdaag.
- Reël met 'n diaken wat goed kan praat om Opdrag 2 hieronder te kom hanteer.

KOM ONS BEGIN

Open deur Gesang 284: 1 as 'n gebed te lees.

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is,
laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart
vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.*

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag. Amen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

God versorg ons en gee vir ons om. Hy ver wag dat ons dieselfde met mekaar sal doen. Ons moet mekaar help, vir mekaar sorg en vir mekaar omgee. Ons moet vir mekaar bid. Dit is hoe dit in die Kerk ook moet gaan. Ons lees 'n baie mooi verhaal in die Bybel van mense wat vir mekaar omgee en mekaar help.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING oor terwyl die toneel by Opdrag 1 opgevoer word. Die kategeet tree op as verteller, terwyl die kinders die toneel opvoer.

IETS BELANGRIK

Memoriseer Romeine 12: 13: *Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid.*

IETS OM TE DOEN

Opdrag 1

Doen 'n rollespel met Handeling 12: 6-19. Gee aan 'n groot hoeveelheid kinders die rol van die Christene wat bymekaar was om te aanbid. Hierdie toneel word twee maal opgevoer.

Die eerste keer moet die verhaal loop presies soos wat dit in Handeling weergegee word. Klem moet geplaas word op die blydskap by die Christene as hulle besef dat dit Petrus is wat by die deur staan en dat hy uit die tronk bevry is. Die kinders moet hulle eie kreatiwiteit gebruik om hulle blydskap te wys, en om dan vir Petrus te help om weg te kom.

Die tweede keer moet die verhaal ook opgevoer word soos in Handeling weergegee word, maar met die volgende verskil: Die diensmeisie moet traag wees om die deur oop te maak. Wanneer sy uiteindelik die deur oopmaak, en die klomp Christene sien dat Petrus voor die deur staan, is hulle nie bly nie. Hulle wil hom nie werklik laat inkom nie en laat hom buite staan. Wanneer hulle sien dat koning Herodes se soldate die strate patroleer, word hulle bang dat hulle gevang sal word, en maak dadelik die deur toe. Petrus staan buite. Hy word gevang en teruggeneem na die tronk. Daar word hy geslaan en die volgende dag tereggestel.

Hier is 'n riglyn hoe om die dialoog te laat verloop:

Eerste rollespel

Verteller:

In die tronk kom praat die engel met Petrus.

Engel:

Petrus, Petrus, staan gou op!

Verteller:

Die boeie val van Petrus se hande af en hy is baie verbaas.

Engel:

Maak jou gordel vas en trek jou skoene aan. Trek vinnig ook jou bokleed aan en kom saam met my!

Verteller:

Petrus en die engel hardloop by al die wagte verby, en skielik is Petrus vry.

Petrus: Noudat ek uit die tronk bevry is, besef ek eers dat dit 'n engel van die Here is wat my gehelp het. Ek gaan dadelik na die huis waar die gelowiges gewoonlik bid. Christene bid mos dat dit met mekaar sal goedgaan. Ek wil vir hulle gaan wys dat God my uit die tronk bevry het.

Verteller: **Petrus klop aan die deur van die huis, en die diensmeisie kom na die deur toe. (Maak 'n kloggeluid.)**

Diensmeisie: Wie is daar?

Petrus: Dit is ek! Petrus. Maak gou die deur oop!

Diensmeisie: Kom gou, julle almal. Petrus staan by die deur en klop en vra dat ons hom moet laat inkom.

Christene: Jy is mal, man. Petrus is in die tronk. Hy word deur 'n klomp soldate opgepas.

Diensmeisie: Nee, dis regtig Petrus. Ek het sy stem herken!

Christene: Dan is dit seker sy gees, want dit kan nie Petrus wees nie.

Diensmeisie: Hoor daar. Daar klop hy weer. Kom ons maak die deur oop.

Verteller: **Hulle maak die deur oop en is baie verbaas om vir Petrus voor hulle te sien staan.**

Petrus: Bly stil. Moenie praat voordat ek in die huis is en ons die deur gesluit het nie. Ek is bang die soldate wat die strate patrolleer sit my weer in die tronk. 'n Engel van die Here het my bevry. Hy het die boeie van my hande laat afval en my by die wagte verbygelei sonder dat hulle enigiets agtergekom het. Julle moet dit alles vir Jakobus en die ander gelowiges vertel sodat hulle ook kan weet dat God my opgepas het en my beskerm het.

Christene: Ons het gebed dat die Here jou sal beskerm, en werklik, Hy het dit gedoen! Jy kan nie hier bly nie. Die soldate sal jou hier kry en dan sal hulle jou laat doodmaak. Maar kom ons pak vir jou kos in, en dan help ons jou om uit die stad uit te vlug voordat dit begin lig word. Mag die Here jou ook verder beskerm op jou pad.

Tweede rollespel

Verteller: **In die tronk kom praat die engel met Petrus.**

Engel: Petrus, Petrus, staan gou op!

Verteller: **Die boeie val van Petrus se hande af, en hy is baie verbaas.**

Engel: Maak jou gordel vas en trek jou skoene aan. Trek vinnig ook jou bokleed aan en kom saam met my!

Verteller: **Petrus en die engel hardloop by al die wagte verby, en skielik is Petrus vry.**

Petrus: Noudat ek uit die tronk bevry is, besef ek eers dat dit 'n engel van die Here is wat my gehelp het. Ek gaan dadelik na die huis waar die gelowiges bid. Christene bid mos dat dit met mekaar sal goedgaan. Ek wil vir hulle gaan wys dat God my uit die tronk bevry het.

Verteller: **Petrus klop aan die deur van die huis, en die diensmeisie kom na die deur toe. (Maak 'n kloggeluid.)**

Diensmeisie: Wie is daar?

Petrus: Dit is ek! Maak gou die deur oop!

Diensmeisie: Kom gou, julle almal. Petrus staan by die deur en klop en vra dat ons hom moet laat inkom.

- Christene:** Jy is mal, man. Petrus is in die tronk. Hy word deur 'n klomp soldate opgepas.
- Diensmeise:** Nee, dis regtig Petrus. Ek het sy stem herken!
- Christene:** Dan is dit seker sy gees, want dit kan nie Petrus wees nie.
- Diensmeisie:** Hoor daar. Daar klop hy weer. Kom ons maak die deur oop.
- Christene:** Ons hoor, maar ons kan nie seker wees dat dit Petrus is nie. Sê nou maar ons maak die deur oop en dit is die koning se soldate wat sien dat ons wat Christene is hier bymekaar is en bid, dan is ons in die moeilikheid. Ons kan nie so 'n kans vat nie. Wie ook al daar buite staan en klop, moet maar klop. Ons kan nie ons lewens waag nie.
- Verteller:** **Daar word weer aan die deur geklop. (Maak 'n klopgeruis.)**
- Petrus:** Dit is ek, Petrus. Maak asseblief die deur oop dat ek kan inkom en veilig wees. Ek weet nie wanneer kom die soldate hier aan en sit my weer in die tronk nie.
- Diensmeisie:** Kan ons nie maar oopmaak nie?
- Christene:** Nee. Ons kan nie so 'n kans vat nie. Laat die persoon daar buite maar klop. Ons hoef hom nie te help nie.
- Petrus:** Maak gou! Asseblief! Die koning se soldate soek my en hulle is naby, ek kan hulle al hoor! Maak oop! Asseblief!
- Soldate in die verte:** Daar staan iemand by daardie huis se deur en klop. Dit lyk soos Petrus wat vroeër vanaand uit die tronk ontsnap het. Hy moet môre die doodstraf kry...

Bespreek die uiteinde van die twee verhale met die kinders, en lê klem op die feit dat dit Petrus sy lewe sou kos indien die ander Christene nie vir hom omgee het en hom gehelp het nie.

So is dit ons verantwoordelikheid om mekaar te help en na mekaar om te sien.

Opdrag 2

Laat die diaken vir die kinders vertel hoe die gemeente by barmhartigheidswerk betrokke is en waarom die gemeente dit doen.

Opdrag 3

- Laat hulle uit verskillende grade in groepe van ongeveer vier bymekaar sit.
- Elkeen stel aan een in die groep 'n probleem waarmee hy of sy op die oomblik sukkel. Dit kan selfs iets eenvoudigs wees: pap wiel, soom wat uit is; of 'n groter probleem: pa wat drink, boetie wat weggeloop het, ensovoorts.
- Die kinders moet nou oor en weer planne maak om mekaar te help!
- As hulle nie weet nie, help hulle met voorstelle soos:
 - Ek sal my ouma vra om jou rok se soom in te sit.
 - Ek sal my ouboet vra om jou fiets reg te maak.
 - Ek sal die dominee of klasonderwyser of huisdokter vra om met die groot probleme te help.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat hulle elke dag iets gaan doen wat wys dat hulle vir iemand omgee. Laat hulle neerskryf wat hulle gedoen het. Laat hulle dit volgende week met hulle maats by die kategese bespreek. Laat hulle ook by die dominee of diakonievoorsitter gaan uitvind wat die Kerk doen om mense te help, en laat hulle dit neerskryf.

LEER

- God het ons lief en Hy gee vir ons om. Daarom moet ons ook vir mekaar lief wees en vir mekaar omgee.
- Ons moet raaksien dat ander mense vir ons omgee, en dankbaar wees daarvoor.
- Ons moet mekaar help.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 532: 1-3 voor te lees as gebed.

*Ons Vader, neem ons hande
en maak ons één.
Versterk U self die bande –
gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.*

*Heer, wees vir ons 'n Vader
wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader
om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan,
laat Hy ons lei,
dat ons u Woord gehoorsaam –
ons aan U wy.*

*Leer ons mekaar vergewe,
mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe
op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede,
en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede
in Jesus Naam. Amen.*